# ’N PASTORAAL-NARRATIEWE GROEPSONTWIKKELINGSMODEL VIR VRYWILLIGERS VAN DIE KANKERVERENIGING

J. Steyn[1] & J-A. van den Berg[2]

## ABSTRACT

## A PASTORAL NARRATIVE GROUP DEVELOPMENTAL MODEL FOR VOLUNTEERS OF THE CANCER ASSOCIATION

The caregivers of the Cancer Association of South Africa (CANSA), Bloemfontein expressed their need to develop lay-counselling skills in order to assist the patient to cope with life during illness. Ten out of twelve caregivers indicated that they had a nursing background whilst two previously attended courses in lay-counselling. In order to offer assistance to a person acquiring coping skills, a caregiver should have a clear perspective on his/her own life story. Guiding the caregivers in achieving lay-counselling skills in caring for the sick, the group method was chosen. The first aim was to facilitate growth in understanding that every person was born in the "Narrative of God" (Ps. 139) and baptised in the name of God, Jesus Christ and the Holy Spirit (Matthew 28:19). Each person therefore has value in Jesus Christ. A second aim was to facilitate the developing of lay-counselling skills by means of sharing narratives. Group dynamics underpinned the developing of these skills by interaction. The achievement resulted in an enriching spiritual capacity of acknowledging the work of the Holy Spirit in the life and work of the caregivers.

## 1. INLEIDING

> Ek weet nie wat om te doen as ’n pasiënt begin uitvaar teen God en al wat dokter is om haar nie. Ek hardloop skoon weg as dit gebeur.
>
> Ek kan nie leiding gee aan ’n persoon wat vrae vra oor die Bybel nie. So iemand moet maar liefs met ’n predikant praat ... Ek wil ook nie ’n uitspraak maak oor iemand wat sukkel met emosies nie ... netnou gee ek die verkeerde advies.

1 Dr. Jeannette Steyn, Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein. E-pos: steynj.hum@mail.uovs.ac.za.

2 Dr. Jan-Albert van den Berg, Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein. E-pos: vdbergja.hum@mail.uovs.ac.za.

Uit dié woorde van twee vrywilligers blyk dit dat hulle dikwels spanning ervaar om lewensbegeleiding op geestelike en/of emosionele vlak aan siek persone te kan lewer. Die verdere probleem, volgens hierdie dames se ervaring, is dat sodanige probleme op die terrein van die pastorale terapeut of sielkundige mag lê wat moeilik deur 'n vrywilliger hanteer kan word.

Die vrywilligers van die Kankervereniging van Suid-Afrika (KANSA), Bloemfontein, het hulle ervarings nader omskryf as die behoefte tot ontwikkeling van lekeberadingsvaardighede en wel sodanige vaardighede wat lewensbegeleiding aan die kankerpasiënt kan optimeer. Die meeste van die vrywilligers in dié streek het 'n verplegingsagtergrond, terwyl twee uit die twaalf (met wie onderhoude gevoer is) lekeberadingskursusse deurloop het. Lewensbegeleiding van 'n kankerpasiënt loop noodwendig uit op hanteringsmeganismes (*coping mechanisms*) wat nie net die pasiënt help om sy/haar siekte te hanteer nie, maar ook die vrywilliger om haar eie lewe of lewensverhaal in perspektief te sien. Hanteringsmeganismes kan ook omskryf word met die begrip *adaptational challenges* (Wells & Turney 2001:40).

Aangesien dit moeilik bepaal kon word wat die vlak van elke vrywilliger se ervaring is, het die groep besluit om na mekaar se verhale te luister en daaruit behoeftes te bepaal. Empatiese luister kan waarskynlik die karakter van die groepsgesprekke die beste omskryf. Müller (1996:196) omskryf empatie as die vermoë om toe te laat dat 'n ander persoon jou oor die drumpel van sy/haar lewensverhaal trek. 'n Verdere doel wat hieruit na vore gekom het, is die ontwikkeling van lekeberadingsvaardighede in die groep.

Die doel van hierdie artikel is om dinamiese wisselwerking (Cawood 2004:81) wat in die groep ontwikkel, deur mekaar se stories te deel, te beskryf. Verder sal daar ook gekyk word na groei wat by deelnemers plaasvind tydens die ontwikkeling van lekeberadingsvaardighede.

## 2. METODOLOGIE

Daar is tydens die situasie-analise en ook die eerste beplanningsessie gebruik gemaak van Deelnemende Aksie Navorsing (*Participating Action Research*) (Strydom 2002:419). Sodoende is op alle deelnemers se behoeftes gefokus en het almal deur beplanning van die sessies eienaarskap ervaar.

Volgens Kotler (1994:147) beweeg groepwerk deur 'n aantal fases wat voorspelbaar is, maar tog nie altyd duidelik onderskeibaar nie. Die fases wat bespreek sal word, is die *ontmoetingsfase*, *benuttingsfase* en die *afsluitingsfase*. Kommunikasie is die sleutel in die ontwikkeling van die fases en kan beweeg vanaf die oordra van "inligting of boodskappe" aan mekaar tot die ontsluiting van 'n dinamiese groepsinteraksie.

Dinamiese groepsinteraksie vind plaas wanneer inter-, en kruisdinamika ontwikkel. *Interdinamika* verwys na die kommunikasie tussen twee persone in die groep. Wanneer hulle die "debat" na die volle groep bring, vind daar *kruisdinamika* plaas (Toseland & Rivas 1998:107).

Die hantering van die groepsessies in fases sal telkens in die eerste paragraaf van 'n fase uiteengesit word, waarna die fases bespreek sal word. Ná elke fase sal 'n samevatting gegee word. Laastens sal unieke uitkomste, aanbevelings en 'n finale samevatting gegee word. 'n Unieke uitkoms is 'n hoeksteen van die narratiewe benadering en dui op waardevolle opvolgmeganismes of goue oomblikke wat uit 'n narratief na vore kom en wat nog nie voorheen raakgesien is nie (Freedman & Combs 1996:67). Volgens die pastoraal-narratiewe benadering word geloofsbakens deur elke mens se lewe onderskei wat weer 'n anker tydens lewensmomente vorm. Na hierdie geloofsbakens word ook as unieke uitkomste verwys.

'n Verdere metode van navorsing wat ook na vore sal kom, is kwalitatiewe navorsing (Miles & Huberman 1984:211-213). Daar is veral gebruik gemaak van die kwalitatiewe metode van verslagdoening by die afsluitingsfase in hierdie artikel.

Die volgende vernaamste beginsels van die pastoraal-narratiewe benadering is in die groepwerk gebruik (White & Epston 1990; Anderson & Goolishian 1992; Müller 1996; Gerkin 1997:25; Kotzé & Kotzé 2001:124; Van den Berg 1998; Müller & Human 2004; Steyn 2004):

- Elke persoon het sy/haar eie storie en elke persoon is geregtig om te ontwikkel soos wat sy/haar storie bepaal.
- Daar word nie direktief te werk gegaan nie; elke gesprek is niedirektief gelei en die groep besluit self wat in die gesprek aandag moet kry.

- Dominante verhale het ’n dun storielyn en mag in duideliker of dieper storielyne ontwikkel namate die persoon dit toelaat. Dun storielyne het in dieper stories ontwikkel te midde van groepskohesie en motivering.
- Eksternalisering, waarin die persoon as die persoon en die probleem as die probleem beskou is, het deur netwerkkommunikasie plaasgevind. Sodanige objektivering van die probleem lei die persoon na die ontwikkeling van ’n nuwe of alternatiewe storielyn.
- Die groep ontwikkel vanaf ’n “not knowing” posisie van ’n storie tot die mate waarin hulle gelei word om versigtig interkommunikatief deel te neem aan die herskryf van ’n storie in die groep.
- Buitestaanders of ’n “outsider witness” verkry nuwe betekenis in groepwerk. Die groepsdinamika veroorsaak dat nie net ’n groeplid ondersteun word nie, maar ook werkbare waardes ontdek word.
- Unieke uitkomste kan geïdentifiseer word veral wanneer fasilitering van ’n verhaal na vore kom om ’n alternatiewe storie te ontwikkel.
- Geloofsbakens bring ’n terugbinding van die mens se verhaal aan God se Narratief. Hierdie geloofsbakens is unieke uitkomste wat saamhang met God se Verbond met die mens.

## 3. AGTERGRONDSTEORIE OOR GROEPWERK EN DIE NARRATIEF

Die vraag wat ontstaan as die twee begrippe “groepwerk” en die “narratief” langs mekaar geplaas word, is of die begrippe en handelinge wat uit albei se teorieë voortspruit, versoenbaar is.

’n *Sisteem* is ’n ordelike denkskema en denkhandeling waaruit daar ’n “greep” (manier van aanpak) ontwikkel kan word om algemene vrae, navorsingsprobleme of die kenbare in ’n wetenskap tot wetenskaplike kennis te bring. Die dinamiek van groepwerk vertoon ’n duidelike ooreenkoms met die elemente van die sisteemteorie of -benadering wat veral in groepwerk gebruik word (Cawood 2004:81-85). Daar moet egter ook daarop gewys word dat die sistemiese benadering in elke dissipline aanduibaar is. Louw (1998:102-103) verwys byvoorbeeld na die ekosistemiese benadering in Teologie, wat “die geheel, asook

patrone van organisasie beklemtoon, ten einde toegang tot die betekenis van 'n verskynsel te verkry."

Die sisteem wat deur Kotler (1994) en Cawood (2004) in groepwerk gebruik word, kom ooreen met die self-kontrolerende beheersiklus of kubernetiese sisteemteorie. Stappe van dié beheersiklus is: die situasie-analise, doelwitte, strategie/beplanning en terugvoering of evaluasie. Ook Becvar en Becvar (1996) sien die sisteemdenke as 'n benaderingswyse in terapie en dan veral gesinsterapie, wat ook 'n vorm van groepsterapie is. Die aandag word verskuif vanaf 'n oorsaaklike en objektiewe kwantitatiewe siening na 'n interverwantskap wat 'n subjektiewe deelnemende fokus aanmoedig — 'n metode wat Deelnemende Aksienavorsing onderskryf. Die metode van vraagstelling in so 'n groep dui weer op die navorsing van Tomm (1987:10) wat sirkulering, hipotetisering, strategisering en neutralisering as sisteem in aksie en terugwerkende aksie in 'n terapeutiese sessie gebruik. Sirkulering in vraagstelling word in die narratiewe benadering met groot vrug aangewend (Müller 1996:143).

Müller, Van Deventer en Human (2001:76-97) beskryf die ABDCE-model as 'n wyse om verhale in narratiewe navorsing te verwoord. In die pastoraal-narratiewe benadering is daar ook duidelik aanwysbare sistemiese denkskemas (of modelle) wat aangewend kan word in die hantering van inligting. Die pastoraal-narratiewe benadering is onder andere 'n model of sisteem wat deur middel van die verhaal van die kliënt selfondersoekend en begeleidend waarheidsmomente "raakhoor" om die onlosmaaklike verhouding (*koinonia*) tussen God en mens te ontbloot, ontwikkel en herstel (Steyn 2004:27).

As die terapeutiese situasie verder ontleed word, kan die behoefte van 'n kliënt in sy/haar verhaal bepaal word. Verder kan albei (terapeut en kliënt) doelwitte tydens die terapeutiese gesprek bepaal. Werksmetodes kan saam uitgewerk word in die hantering van die probleem terwyl evaluering voortdurend plaasvind om te bepaal of daar sinvolle vordering gemaak word.

Onderliggend aan bogemelde sistematiese denkskemas en modelle is daar ook bepaalde paradigmas of uitgangspunte. Op basis hiervan ontwikkel elke wetenskaplike sy/haar eie raamwerk van wetenskapsbeoefening. Om dus die narratiewe benadering in groepwerk te kan

gebruik, moet die navorser sy/haar eie uitgangspunt in werking stel om die narratief daarmee praktyk te maak, naamlik 'n post-moderne kenteoretiese relatiewe benadering (Du Plessis 2004), 'n algaande begripsbepalende of konseptualiserende benadering (Müller 1996) of 'n pastoraal-narratiewe benadering (Steyn 2004). Laasgenoemde blyk nie net 'n bruikbare interaktiewe sisteem te bied nie, maar ook te strook met die navorsers se uitgangspunt. Verder beteken dit ook dat die groep waarmee daar gewerk word, hulself kan vind in sodanige benadering wat algaande in elke groeplid se ontwikkeling na vore kom.

Die narratiewe benadering se "nie-wetende" posisie-inname (Anderson & Goolishian 1992:29) is komplementerend tot die karakter van KANSA, Bloemfontein. Die nie-wetende posisie is sensitief vir respekvolle luister.

Onder die agtergrondsteorie kan die volgende raakpunte tussen die narratiewe benadering en groepwerk aangedui word:

- In groepwerk kan die *outsider witness*-proses plaasvind (White 2004: 79). Die een groeplid word naamlik 'n buitestaander-getuie van die ander groeplid.
- Unieke uitkomste kom veral na vore as groepsdinamika en nie-direktiewe gesprekvoering optimaal verloop.
- Die proses of ontwikkeling wat deur groepsinteraksie (Cawood 2004:91) plaasvind, is altyd teenwoordig en kan positief of stagnant wees. Ontwikkeling in 'n persoon is egter nie altyd meetbaar nie en mag eers na vore kom nadat die persoon self tyd gehad het om oor die gebeure na te dink.
- Kommunikasie in die groep verloop nie-direktief. Konfidensialiteit, eerbied en agting, aanvaarding, empatie en 'n nie-veroordelende houding is maar enkele begrippe wat deel vorm van die narratiewe benadering en groepsterapie.
- Diskoerse wat in groepwerk mag voorkom, sal veroorsaak dat groeplede hulself posisioneer. Dit is egter die taak van die fasiliteerder om "neutraal" te bly sodat keuses inter-relasioneel gemaak kan word (Winslade 2003:65).
- In groepwerk, die narratiewe benadering, sowel as in kwalitatiewe navorsing en Deelnemende Aksienavorsing, het die positiewe ont-

wikkeling in die groep die bemagtiging van gespreksgenote tot gevolg (Pienaar & Van den Berg 2005:68).

- 'n Moontlike nadelige verband tussen die narratiewe benadering en groepwerk is die oop einde van die narratief, waar die kliënt se mondige posisie ten opsigte van 'n eie verhaal die gestruktureerdheid van groepwerk verlore kan laat gaan.
- Elkeen se eie waardebepaling of roeping in Christus sluit direk aan by die aaneenskakeling met die pastoraal-narratiewe benadering.

# 4. HANTERING VAN GROEPSESSIES

Die groepwerk het oor vyf sessies van 'n uur elk verloop. Die aanvanklike beplanningsessie was volledig deelnemend van aard waarin nie net die res van die sessies beplan is nie, maar ook besluit is oor die doel van elk. Die tweede en derde sessie is aaneengeskakel aangesien die groep besluit het dat al agt lede se emosies, gekoppel aan die hantering van luistervaardighede, in dieselfde sessie "uitgespeel" moes word. In die vierde sessie is daar gekyk na verhoudinge waarin ons staan en selfs die betekenis van verhoudinge in die groep. In die laaste sessie is daar 'n oorsig oor die betekenis van die groepwerk vir elke lid uitgesif en ook 'n skriftelike evaluering gelewer.

Elke sessie is so benoem dat dit pas by die storietema van die narratiewe benadering: *Sprokie*, *Speurverhaal*, *Outobiografie* en *Slot*. Daar is ooreengekom op *Sprokie*, aangesien die mening was dat elke verhaal 'n sprokiedeel het, soms weggesteek as 'n droom vir "eendag". Daar is op *Speurverhaal* as tweede sessie besluit aangesien daar in hierdie sessie veral na emosies en die hantering van emosies gekyk is. Elke vrywilliger het haar vaardighede om te luister soos 'n speurder gebruik om elke "leidraad" met "fyn aanvoeling" (Fil. 1:9) op te volg sodat uniekhede en alternatiewe verhale nagespeur kon word. *Outobiografie* lei weer tot die uitrafel van verhoudinge waarin elke mens staan. Nog van voor sy/haar geboorte af is hy/sy reeds deur God beplan (Ps. 139); dit dui reeds die eerste verhouding aan waarin die mens staan. Laastens word die *Slot* van die verhaal 'n nuwe verhaal, wat nie 'n toe deur (graf) voorstel nie, maar die begin van 'n nuwe verhaal, 'n belofte van hoop en oorwinning (Heb. 10:36 en 11:6).

Die sessies word nie afsonderlik bespreek nie, maar wel die fases wat die sessies aanmekaar bind. Die ontmoetingsfase, die verkennings- en benuttingsfase en laastens die afsluiting- en evalueringsfases sal bespreek word; spesifiek die belangrikste gegewens wat in elke sessie tydens die fases na vore gekom het. Ná elke fase sal 'n samevatting weergegee word wat groepwerk, groepsdinamika, die pastoraal-narratiewe benadering en ook die interdinamika (Cawood 2004:83) van betekenis van elkeen, insluit. In die laaste plek sal 'n samevatting gemaak word wat ook enkele aanbevelings en ontwikkeling buite die groep na vore sal bring.

Die groepleier sal as fasiliteerder geïdentifiseer word en die ander as deelnemers of groeplede. Die wetenskaplike teorie rondom die narratiewe benadering as 'n metode is nie uitgespel in die groepsessies nie. Die metodes van die narratiewe benadering is gebruik om praktiese inoefening te verseker sowel as die nie-direktiewe ontplooiing van stories.

Dit is verder van belang om kortliks te verwys na die groepsdinamika wat in elke groep verantwoordelik is vir die ontwikkeling in die groep, die bereiking van doelstellings en wat oor die algemeen die motivering van die groep behou of verbreek. Groepskohesie of samewerking, groepsinteraksie, waardes en norme asook aanspraak en beheer is van die belangrikste groepsdinamiese prosesse wat ontwikkel, verander en die proses aanhelp of vertraag.

## 5. DIE ONTMOETINGSFASE

Volgens Cawood (2004:65) bepaal die ontmoetingsfase (voorbereiding, ontmoeting en oriëntering) die verloop van die sessie. Die voorbereiding, waaronder administratiewe reëlings soos uitnodigings, lokaal, tyd en plek, is veral vir die eerste sessie van belang. Verder het elke sessie sy eie normale voorbereiding aan die kant van die fasiliteerder, maar ook in die vorm van opdragte wat aan die groeplede gegee kan word. Die groet en ysbreker van elke sessie, sal nie net die groeplede op hul gemak stel nie, maar ook dien as 'n inleiding en/of oriëntering van wat gedurende die sessie te wagte kan wees. Wat verder gedurende die ontmoetingsfase van belang is, is dat 'n kontrak in die eerste sessie opgestel moet word. So 'n kontrak sluit 'n etiese kode vir die groep, doelstellings vir elke sessie en ook 'n tydskedule in. Vervolgens sal die verloop van die ontmoetingsfase vertellenderwys uiteengesit word.

Die *uitnodigingskaartjie* is 'n week voor die eerste sessie aan twaalf vrywilligers van KANSA gerig. Die kaartjie het die storietema onderstreep, naamlik: "Kom deel in vandag se stories..." Agt van die twaalf vrywilligers, almal dames, het positief op die uitnodiging gereageer.

'n Storieboektema met 'n teddiebeer en boeke wat die verhaal van die fasiliteerder uitbeeld, is as uitstalling gebruik. Die tema het die groeplede met die intrapslag uitgelok om van hulle voorkeure van boeke en stories te vertel.

Die groepwerk is tydens elke sessie met Skriflesing en gebed geopen. Verskeie groeplede is gevra om hierin voor te gaan. Die noodsaaklikheid om toegerus te word om God se werk te doen, die evaring om die liefde van Christus uit te deel, om hoop te bedien (Ef. 1:18-19) en die leiding van die Heilige Gees is temas wat deurlopend na vore gekom het.

Tydens die *Sprokiesessie* moes elke lid van die groep op twee vrae antwoord, naamlik waarom sy graag die groep wil bywoon en ook waaraan die begrip "storie" die persoon laat dink. Dié vrae het ten doel gehad om die ontmoetingsfase van spanning te ontneem, aan te sluit by die narratiewe benadering en ook die groep hul sprokies te laat deel, naamlik dit wat elke mens die verbeeldingsnarratief (Müller & Human 2004) laat ervaar. Die volgende reaksies het die groep spontaan laat besluit dat hierdie sessie die *Sprokiesessie* sal heet: "Ek is hier om 'n pot goud te ontdek", "die prentjies van stories is vir my die mooiste", "deur reisverhale word ek verplaas na 'n wêreld wat ek nooit self kan besoek nie", "ek gryp die geleentheid aan om na nuwe stories te luister", "ek hou daarvan dat daar ontwikkeling in 'n storie plaasvind", "ek is 'n sprokiemens, ek wil ander mense gelukkig maak", "ons het grense waarbinne ons leef, ons kan nie uitskink as ons nie vol is nie", "ek hanteer my eie hartseer beter as ek stories lees" en "ek is deur 'n moeilike tyd, ek het stories van liefde nodig".

In die *Speurverhaalsessie* is die ontmoetingsfase duideliker gebind aan die vorige sessie deur 'n eerste oefening in luistervaardighede te gee, naamlik geheueoefening. Die lede moes herroep wat die ander lede oor 'n storie gesê het. Daarmee het die groeplede besef dat die vrywilligers (en die meeste mense) so besig is met hul eie storie, dat hulle selde kan onthou wat 'n ander persoon se vreugde/probleem is. Dit het

nie net die motivering na vore gebring om te luister nie, maar ook die verkenning, benutting en oriënteringsfase gekoppel.

In die *Outobiografiesessie* het die uitspeel van twee spreekwoorde deur "stomstreke", ondersteuning gebied in die ontmoetingsfase. Die groeplede het spontaan gereageer op die feit dat die liggaamstaal van 'n pasiënt en ook die liggaamstaal van die vrywilliger tydens 'n besoek, boekdele spreek — dit wil sê negatiewe en/of positiewe persepsies na vore bring.

Tydens die *Slotsessie* is die ontmoetingsfase gekenmerk deur 'n uitruil van gedagtes oor "wat was positief?" en "wat was negatief?". Almal was daarmee eens dat 'n "storie se slot 'n mens met gemengde gevoelens laat, dié van afskeid neem en dié van uitgerafelde probleme wat opgelos is".

Die samevatting van die ontmoetingsfase is die volgende:

- Al die groeplede hou van verhale en die verhaletema het onmiddellik tot hulle gespreek.
- Die vrywilligers is almal gemotiveerd om die groepsessies by te woon.
- Elke mens het 'n verhaal wat 'n sprokiedeel (verbeeldingsnarratief) sowel as 'n minder aangename deel vertel.
- Dit is die minder aangename deel van 'n verhaal wat die behoefte by die vrywilligers na vore bring om vaardighede te ontwikkel om die verhaal te hanteer en moontlike hanteringsmeganismes te identifiseer.
- Die groep het interaktief besluit dat die ontrafeling van verhale die beste metode sal wees om selfkennis optimaal te ontwikkel.
- Die behoefte is uitgespreek om kennis te ontwikkel sodat die dieper storielyn saam met die pasiënt uitgepak kan word.
- Die behoefte is verder uitgespreek om die probleemdeurdrenkte storie te leer hanteer.
- Die "lees" van liggaamstaal kan negatiewe persepsies positief omvorm.
- 'n Storie laat 'n onvergenoegde gevoel van onopgeloste probleme en/of 'n tevrede gevoel van oplossings wat motivering bied.
- Die verbinding aan God se Narratief het spontaan plaasgevind.

# 6. DIE BENUTTINGSFASE

Die benuttingsfase sluit verkenning en benutting in. Daar moet voortdurend verkenning, evaluering, strukturering en doelwitbepaling deur die fasiliteerder gedoen word om te bepaal of die groepsgesprek nog doelgerig plaasvind. Verder moet verkenning en benutting hand aan hand loop. Met "benutting" word bedoel dat groepsdinamika in die gesprek ontwikkel en die doelbereiking ondersteun (Cawood 2004:77).

Tydens die benuttingsfases van die groepsessies het verkenning, evaluering en terugvoer gelyktydig plaasgevind. Die fasiliteerder moes deurentyd die groep aan die doel herinner, veral wanneer die groep se fokus verskuif van die oomblikverhaal na dwaalverhale. Sodanige "afdwaling" het voorgekom wanneer 'n groeplid met 'n verhaal besig was en 'n "ongemaklikheid" onder die groeplede ingeskuif het. Wanneer groepskohesie sterk was, het die interaksie die afdwaling gekorrigeer.

Tydens die *Sprokiesessie* is deur die metode van Deelnemende Aksienavorsing 'n tema bepaal en die oorhoofse doel van die groepwerk, gestel. Die slot van die verhaal is ook neergeskryf om sodoende die uiteindelike doel van die groepwerk te fokus. Die volgende hoofstukke van die groepverhaal is bepaal:

- *Luistervaardighede*: die speurverhaal, die raak luister van leidrade wat opgevolg moet word "om myself beter te verstaan en dan in staat te wees om die pasiënt te ondersteun".
- *Verhoudinge*: die outobiografie, die lostorring van elkeen se verhaal en verhoudinge waarin elkeen staan, "sodat ek myself beter kan verstaan en dan in staat kan wees om die pasiënt in sy verhoudingskrisisse te ondersteun".
- *Hanteringsmeganismes*: die slot, "om die waarde van myself in Christus te leer ken en daardie waarde as lewenshanteringsmeganisme aan te wend in my lewe", ook in die ondersteuning van pasiënte.

'n Oefening in luistervaardighede (Bruwer & Simpson 2004:24) gekoppel aan die vertel van 'n emosie, is in rolspel gebruik. Groeplede het in pare 'n verhaal vertel waarin 'n bepaalde emosie (of emosies) volgens eie keuse, na vore sou kom. Die ander groeplid moes die verhaal aan die groep vertolk. Die groep moes daaruit leidrade opvolg en lostorring. Daarna is die narratiewe konsepte opgesom en ook 'n han-

teringsplan of hanteringsmeganismes bespreek. Die volgende het na vore gekom:

- In elke verhaal kan leidrade uitgelig word wat verder ontrafel kan word.
- Emosies wat raakgehoor is, was frustrasie, hartseer, angs, jaloesie, skuldgevoelens, waardeloosheid, moedeloosheid, geskoktheid en woede of opstand.
- Gronde vir gevoelens wat uitgelig is, was veral op die gebied van behoeftes van elke mens, naamlik die behoefte aan beheer, liefde, waardering, respek, vertroosting, ondersteuning en erkenning.
- ’n Probleem kan ’n persoonlikheid verander, veral wanneer die probleem nie aangespreek word nie.
- ’n Probleem hoef nie noodwendig opgelos te word nie; die hantering van die probleem om my eie lewe positief te laat ontwikkel, is van belang.
- Die probleem is die probleem, nie die persoon nie (eksternalisering).
- Eksternalisering vergemaklik die uitrafel van leidrade.
- ’n Dun storielyn is oppervlakkig, en moet uitgepak word, diepte kry, om werklik tot verstaan te lei.
- Die vrywilliger moet self besluit watter rol sy wil speel. Wanneer daar “ingemeng” word sodat probleme ten alle koste opgelos word, kan “bloedsuiers” ’n persoon leegtap.
- Eerlikheid oor eie belewenisse (selfopenbaring) het die groepskohesie en -ondersteuning verbaal en fisies na vore gebring.
- In die bespreking van opstand teenoor God het die groep besluit dat kerklike tradisie ’n mens daarvan weerhou om soos ’n Jakob van ouds met God te worstel, want “God moet gevrees word en jy mag nie van God verskil nie.”

Die tradisionele plek van die vrou in die huis het lankal verskuif na die vrou wat beroepsvrou moet wees, soms ten koste van die opvoeding van haar kinders. Ondersteuning aan die vrou wat kies om eerder haar kinders self op te voed, is deur die groep geformuleer as ’n doel waarna gestreef kan word.

Die leidrade het verskeie waardes na vore gebring wat verder opgevolg kan word om "my waarde in Christus" (roeping, doel en gawes) te versterk.

Tydens die *Outobiografiesessie* is daar eers 'n dinkskrum gehou oor die verskillende verhoudings waarin die vrywilliger se storie elke dag geskryf word. Deelname hieraan het van motivering getuig, veral toe besef is dat die groepsinteraksie 'n nuwe positiewe ontwikkeling by elke groeplid na vore bring. Elkeen het spontaan met mekaar die voordele van die groep bespreek en selfs die terughoudendste groeplid het erken dat die groep haar tot sover geleer het om haar emosies te hanteer en dat sy dieselfde beginsels teenoor die pasiënt kan toepas. Die groep het ook spontaan oorgeskuif na verhoudinge waarin pasiënte staan en die feit dat sodanige negatiewe verhoudinge op die vrywilliger oorgedra word. Selfs 'n pasiënt se besluit om te sterf met steeds onopgeloste negatiewe gevoelens teenoor naasbestaandes, bring spanning by 'n vrywilliger mee. Die uitpak van 'n soortgelyke probleem het die groep geïnspireer om moontlike hanteringsmeganismes te bespreek.

Die samevatting van die *Outobiografiesessie* is die volgende:

- Elke mens se storie word vanuit bepaalde verhoudings geformuleer.
- Groepskohesie en -interaksie het 'n bepaalde diepgang in selfverstaan en emosionele ontwikkeling bereik.
- Die hantering van verhoudinge by die pasiënt het positief gegroei, hoewel daar ook duidelike groepsbindinge en -beskerming was wat nie sondermeer deurgebreek kon word nie.
- Die voorstel om na 'n soortgelyke verhaal te kyk, het groeplede weer laat ontspan en interkommunikasie (Cawood 2004: 84) het kreatiewe hanteringsmeganismes na vore gebring.
- Om Christus se liefde aan die pasiënt te gee, is veel belangriker as om lang verduidelikings oor die siekte aan die pasiënt te gee. Die ou slagspreuk van KANSA is aangehaal: "I don't care what you know, until I know that you care!" Hiermee is geïllustreer dat die belofte van die teenwoordigheid van Christus in elke mens se lyding (die vrywilliger is verteenwoordiger van Christus se liefde) geestelike hantering vergemaklik in plaas daarvan dat probeer word om te verduidelik hoe die siekte lyk waarmee die persoon worstel.

- Wanneer die pasiënt glo dat die siekte as 'n straf oor hom/haar gekom het, het die bespreking oor hantering van die probleem nuwe stories oopgemaak.
- Elke mens staan in verskeie verhoudinge; dit is nie altyd maklik om die rolle wat in die verhouding veronderstel word, te vertolk nie. Tog kan dit onder leiding van die Heilige Gees gedoen word.

## 7. DIE AFSLUITINGSFASE

Die afsluiting of ontknoping van 'n professionele gesprek mag nie sonder meer lukraak plaasvind, afgeskeep of nagelaat word nie. Die fasiliteerder moet met net soveel professionaliteit uit die gesprek tree as waarmee daartoe toegetree is (Cawood 2004:78).

In hierdie groep is in al die sessies saam besluit of daar 'n mondelinge opsomming deur groeplede gegee gaan word en of daar skriftelik geëvalueer gaan word. Die mondelinge opsommings het getoon watter aspekte tydens 'n volgende sessie verdere aandag verdien en waarop daar verbeter kan word. In die laaste sessie se afsluitingsfase is daar skriftelik geëvalueer en is vrae oor al die sessies saamgevat. Daar is daarop gelet dat die vrae ook probleme uitlig wat in 'n sessie voorgekom het en dan in die volgende sessie herstel is. Rapportering oor die vrae is in 'n matrikstabel (Miles & Huberman 1984:211-213) gegroepeer. Hieronder sal slegs die vrae en daarna die afleidings soos uit die matrikstabel gemaak, weergegee word.

*Vraag 1: Dink jy ons het ons doel bereik in die groep? Hoekom sê jy so?*

Afleiding uit rapportering: Die belewing van die groepwerk deur die groeplede was positief, hoewel een groeplid die waarde daarvan eers in die praktyk wou sien werk. Woorde soos "ek het meer beheer oor my lewe, voel meer seker wat om te doen, kan nou makliker optree, ek het geleer ander voel ook soos ek, ek voel nou meer waardevol" is voorbeelde van positiewe terugvoer. Die enkele waardevolste belewing was dat die groep meer van hulself geleer het en 'n waardegevoel (in Christus) beleef het.

*Vraag 2: Wat het die oefening oor empatie en emosies vir jou beteken?*

Afleiding uit rapportering: Daar het by almal ontwikkeling plaasgevind, in dié sin dat hulle rapporteer oor eie insig, beter luister, ver-

hoogde empatie, minder bedreigdheid oor eie emosies, beter verstaan en diepte van verstaan. Dié ontwikkeling het groter selfversekerdheid om na die pasiënt te kon oordra, meegebring. Daar was egter een groeplid wat steeds nie gemaklik gevoel het in die verwoording van haar eie emosies nie.

*Vraag 3: Waarom is die leidrade van luister, waardes en hanteringsmeganismes belangrik?*

Afleiding uit rapportering: Die *triple* of drievoudige aksie van luister, naamlik om te onthou, leidrade raak te hoor en 'n waardebepaling te doen, is waardeer. Die groep het na inoefening van sessie twee en drie hierdie aksie maklik bemeester. In sessie vier is die aksie weer herhaal. Volgens die evaluering is daar waardering daarvoor uitgespreek, veral ook vir die opsomming (sessies se afsluitingsfase) wat telkens in die groep gegee is. Een lid se reaksie gee 'n samevatting van die ander se reaksies op hierdie vraag:

> It all helps us in our walk with the patient. They are the most important people and in our meeting God is first and our patients is second. It helps us to open up much better.

*Vraag 4: Lewer kommentaar op die Sprokie en drome (wat is die betekenis van die verbeeldingsnarratief?).*

Afleiding uit rapportering: Die groep is dit eens dat die verbeeldingsnarratief nuwe horisonne oopmaak en motivering en hoop gee in die lewe, asook 'n hanteringsmeganisme lewer om die pasiënt by te staan. Volgens een persoon is die verbeeldingsnarratief belangrik omdat jy daaruit sal weet wat die Here se wil is en deur sy genade kan dit kan bereik.

*Vraag 5: Watter waarde het die sessie oor verhoudinge vir jou gehad? (Outobiografie).*

Afleiding uit rapportering: Die waardering in die betekenis van verhoudinge is dat daar van mekaar geleer is hoe om verskillende verhoudinge te hanteer en dat ander se verhale 'n waardevolle hulpbron van hanteringsmeganismes na vore bring. Verwondering is ook uitgespreek oor die feit dat elkeen 'n eie storie het wat 'n mens kan help om 'n ander se storie te hanteer.

*Vraag 6: Waarvan het jy die meeste gehou en hoekom?*

Afleiding uit rapportering: Blootstelling van eie emosies sowel as die feit dat die verlies aan beheer, veral in 'n traumasituasie, enige storie in 'n maalkolk laat beland, is deurgaans aangevoel. Die feit dat God steeds in beheer is in elke mens se lewe, het 'n vredeseffek wat alle verstand te bowe gaan, laat ontstaan. Soos een groeplid dit gestel het: "Diep in jou weet jy, die Here los jou nie!"

*Vraag 7: Waarvan het jy die minste gehou en hoekom?*

Afleiding uit rapportering: Een groeplid het te kenne gegee dat haar eie onvermoë om emosies en/of probleme te verwoord, haar grootste struikelblok is. Twee het gemeld dat die blootstelling aan ander nie altyd lekker is nie en een van dié twee het verder gemeld dat dié blootstelling haar na oplossings om haar eie emosies te hanteer, gelei het. Vir een groeplid was daar in haarself die negatiewe belewing van "ek kry dit nie reg om heeltemal vir God in beheer te plaas nie."

*Vraag 8: Die driehoek is ... (die driehoekverhouding met God aan die bopunt, die vrywilliger en pasiënt op die twee onderpunte).*

Afleiding uit rapportering: Dit was die oorwoë mening dat die driehoekverhouding van God, vrywilliger en die pasiënt elkeen 'n greep gee waarvolgens perspektief verkry kan word.

## 8. UNIEKE UITKOMSTE

In elke verhaal word daar, dikwels deur die fyn waarneming van 'n buitepersoon (*witness*), afgekom op 'n alternatiewe rigting wat 'n verhaal kan inslaan of 'n waardevolle karaktereienskap wat ontgin kan word. Sodanige uitkoms bied veral in die lewe van 'n kankerpasiënt wat in baie gevalle hooploos (beheerloos) lyk, weer hoop. In die geval van die vrywilliger wat daagliks te make het met "hooplose" gevalle, en dikwels self afgestomp raak of selfs in 'n depressie kan verval, is die hoop van 'n unieke uitkoms 'n oase. Vervolgens sal die unieke uitkomste opgesom word:

1. Die formulering van elke sessie, naamlik *Sprokie*, *Speurverhaal*, *Outobiografie*, en *Slot* is reeds unieke uitkomste wat deur middel van Deelnemende Aksie Navorsing verkry is.
2. "I don't want to know what you know, until I know that you care!"

3. "The more you want to help the patient, the more you should love the comforter (caregiver)."
4. Die voorveronderstelling oor die vraag of die moeder wie se kinders skoolgaande is, buitenshuis moet werk al dan nie, is uitgedaag. Die groep het empatie getoon (groepskohesie) met die standpunt-keuse van 'n groeplid om in hierdie tydperk nie buitenshuis te werk nie — wat ruimte gelaat het vir ander verhale om te ontwikkel.
5. Die heersende tendens dat 'n mens nie opstandig teenoor God kan wees nie (wat deur die kerklike tradisie versterk word), is in die groep bevraagteken. Die groep ontdek egter die unieke uitkoms dat ook Jakob met God geworstel het. Dit is dus beter om die saak met God te hanteer as om gevoelens te onderdruk.
6. Skuldgevoelens kan ook goeie gevolge inhou, veral om te leer hoe om dit te hanteer. Die hantering daarvan blyk 'n waardevolle lewensfilosofie te wees, in plaas daarvan om dit weg te steek of te ignoreer.
7. Een groeplid het albei haar ouers deur kanker verloor. 'n Unieke uitkoms wat daaruit na vore getree het, is dat sy weer van haar liefde aan ander kankerlyers kan gee en dat sy soveel kon leer deur veral haar vader se siekte — 'n alternatiewe storielyn het die uniekheid verdiep.
8. Die veronderstelling dat kennis noodwendig belangriker is as ervaring, is teenoor mekaar verwoord. Die unieke uitkoms is dat selfs in die lewe van die vrywilliger gereëlde groepsgesprek en/of berading noodsaaklik is omdat kennis nie altyd oplossings meebring nie. In geval van moeiliker probleme by pasiënte is supervisie en/of verwysing noodsaaklik.
9. Persoonlikheidsgroei: Tydens sessie vyf het groeplede die alternatiewe en ook verdiepende storie teenoor die dun storielyn ervaar. Moontlikhede van benadering tot 'n enkelvoudige storie is bespreek en hanteringsmeganismes na vore gebring.
10. Die bespreking oor die begrip "lewenshanteringsmeganismes" het die unieke uitkoms na vore gebring dat die kanker nie noodwendig die standaard is waaraan die lewe gemeet behoort te word nie. Die hantering van emosies, skuldgevoelens, geloofskrisisse en nog meer

het nuwe diepte verkry en is verwoord sonder die siekte as uitgangspunt. Daar kan ook verklaar word dat die siekte wel die noodwendige *stilstaan rondom ander krisisse* as 'n uitdaging na vore gebring het wat verder deurgetrek kan word na 'n ingryping van die Heilige Gees.

## 9. AANBEVELINGS

Dit is noodsaaklik dat die volgende behoeftes wat veral by die kankerpasiënt 'n rol speel, aandag verdien: om steeds beheer uit te oefen — hoewel op 'n alternatiewe wyse, om erkenning te ontvang, om steeds waardevol/betekenisvol te wees in samehang met 'n mens se waarde in Christus, om liefde te ontvang en te gee, om aan 'n groep/gesin te behoort waar veiligheid ervaar kan word en om finansieel die mas te kan opkom.

Die groeiproses wat gedurende die groepsreis plaasvind, lê ook in die fasilitering van die proses. 'n Herontdekking van die betekenis van metafore in stories maak die reis opwindend.

## 10. SAMEVATTING

Die groepwerk het gelei tot die skep van nuwe verhoudinge. Die deelnemers het self hulle eie verhale deur die opdiep van geloofsbakens aan God se Narratief teruggebind. Dit het met die evaluering geblyk dat die groep waardering gehad het vir die spontane *pastorale* ondersteuning in die groep. Ten slotte het die groepsdinamika en die pastoraal-narratiewe benadering in wisselwerking met mekaar unieke uitkomste laat ontstaan.

# BIBLIOGRAFIE

ANDERSON H & GOOLISHIAN H
1992. The client is the expert: a not-knowing approach to therapy. In: S. McNamee & K.J. Gergen (eds.), *Therapy as social construction* (London: Sage), pp. 25-39.

BECVAR D S & BECVAR R J
1996. *Family Therapy. A systemic integration*. Boston: Allyn and Bacon.

BRUWER D & SIMPSON N
2003. *Beradingsvaardighede vir lidmate*. Matieland: Buvton

CAWOOD T
2004. *'n Teoretiese raamwerk vir groepwerk*. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

DU PLESSIS R
2004. Die narratiewe werkswyse in gemeenskapsontwikkeling. *Acta Academica Supplementum* 1:88-112.

FREEDMAN J & COMBS G
1996. *Narrative Therapy. The social construction of preferred realities*. New York: W. W. Norton & Company.

GERKIN C V
1997. *An introduction to pastoral care*. Nashville: Abingdon Press.

JANSE VAN RENSBURG J
2000. *The paradigm shift: an introduction to postmodern thought and its implications for Theology*. Pretoria: Van Schaik.

KOTLER J A
1994. *Advance group leadership*. California: Brooks & Cole Publishing Company.

KOTZÉ E & KOTZÉ D
2001. *Telling narratives. Spellbound edition*. Pretoria: Ethics Alive.

LOUW D J
1998. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting: 'n teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Kaapstad: Lux Verbi.

MCLEAN G L
1993. *Facing death. Conversations with cancer patients*. London: Churchill Livingstone.

MILES M B & HUBERMAN A M
1984. *Qualitative data analysis: a sourcebook of new methods*. Beverley Hills: Sage.

MÜLLER J
1996. *Om tot verhaal te kom: pastorale gesinsterapie*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

2004. Unheard stories of people infected and affected by HIV/AIDS about care and the lack of care: the research story of the project. *Practical Theology in South Africa* 18(3):1-16.

MÜLLER J & HUMAN L
2004. *Imaginative pastoral counselling*. Workshop, Bloemfontein; 16-17 August.

MÜLLER J, VAN DEVENTER W & HUMAN L
2001. Fiction writing as mataphor for research: a narrative approach. *Practical Theology in South Africa* 16(2):76-97.

PIENAAR S & VAN DEN BERG J-A
2005. HIV/AIDS, violence and children: a bottom-up Practical Theology from Atteridgeville and Katlehong, South Africa. *Practical Theology in South Africa* 20(1): 65-76.

STEYN J
2004. Die ontwikkeling van 'n model in Pastorale Terapie. Ongepubliseerde B.A. Honneurs-skripsie. Bloemfontein: UV.

STRYDOM H
2002. Participatory Action Research. In: A.S. de Vos (ed.), *Research at grass roots. For the Social Sciences and Human Service Professions* (Pretoria: Van Schaik), pp. 419-434.

TOMM K
1987. Interventive interviewing: Part 1. Strategizing as a fourth guideline for the therapist. *Family Process* 26(3):3-13.

TOSELAND R W & RIVAS R F
1998. *An introduction to group work practice*. London: Allyn & Bacon.

VAN DEN BERG J-A
1998. Metaforiese pastorale gesinsterapie. Ongepubliseerde Ph.D.-tesis. Pretoria: UP.

WELLS N L & TURNEY M
2001. Common issues facing adults with cancer. In: M.M. Lauria, E.J. Clark, J.F. Hermann & N.M. Stearns (eds.), *Social Work in oncology: supporting survivors, families and caregivers* (Atlanta Georgia: American Cancer Society), pp. 27-47.

WHITE M
2004. Working with people who are suffering the consequences of multiple trauma: a narrative perspective. *The International Journal of Narrative Therapy and Community Work* 1:45-76.

WHITE M & EPSTON D
1990. *Narrative means to therapeutic ends*. New York: W.W. Norton & Company.

WINSLADE J
2003. Narrative mediation: assisting in the renegotiation of discursive positions. *The International Journal of Narrative Therapy and Community Work* 4:64-75.

*Trefwoorde*
Groepwerk
Pastorale narratief
Vrywilliger
Waarde in Christus
Lekeberading
Luistervaardighede

*Keywords*
Group work
Pastoral narrative
Caregiver
Value in Christ
Lay counseling
Listening skills